Verwysing: 20200908-7918
Lêerno.: 12/2/13/6
Navrae: R Larney

Omsendbrief: 0028/2020
Vervaldatum: Geen

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Belangrike sperdatums en prosesse vir die bestuur van handboeke by skole*.

Onderwerp: Belangrike sperdatums en prosesse vir die bestuur van handboeke by skole

1. Hierdie omsendbrief moet saamgelees word met Omsendbrief 0015/2017 van 12 April 2017 (*Goedgekeurde raamwerk vir die verskaffing van leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) in die Wes-Kaap*) en Omsendbrief 0040/2019 van 17 Oktober 2019 (*Vereistes om akkurate optekening en verslagdoening oor die behoud en herwinning van handboeke vir die 2019/20-boekjaar te verseker*). Albei omsendbriewe beklemtoon die belangrike rol wat die prinsipaal en die LOOM-komitee speel in die implementering van die skool se LOOM-beleid en die algehele bestuur van handboeke, werkboeke, letterkundestudies en ander hulpbronne by die skool.

2. Die doel van hierdie omsendbrief is om die prinsipaal en LOOM-komitee te help deur belangrike sperdatums en aktiwiteite op skoolvlak uiteen te sit sodat akkurate optekening en verslagdoening oor behoud en herwinning van handboeke moontlik gemaak kan word.

2.1 Die sperdatums (Bylae A) sal skole in staat stel om doeltreffend te beplan en verslag te doen oor die kwartaallikse nagaan van handboeke en hulle jaarlikse LOOM-oudit.

2.2 Spesifieke datums sal elke jaar in die jaarlikse skoolbeplanningskalender aan skole verskaf word.

2.3 Dit sal ook die kringbestuurders, amptenare wat boekhou van die skool se finansies, en vakadviseurs in staat stel om meer op kontrolering te fokus en besoeke aan skole te ondersteun.

3. U samewerking in hierdie verband word hoog waardeer.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2020-09-29